

Die opkoms en ondergang van Afrikaans as onderrigmedium by Historiese Afrikaanse Universiteite (HAU's) (1855-2024)

Burgert Senekal

The rise and fall of Afrikaans as a medium of instruction at Historically Afrikaans Universities (HAUs) (1855-2024)

This article examines the rise and fall of Afrikaans as a medium of instruction at South Africa's five Historically Afrikaans Universities (HAUs), namely the University of the Orange Free State (UOFS, now the University of the Free State), Stellenbosch University (SU), the Potchefstroom University for Christian Higher Education (PU for CHE) (now the North-West University), the University of Pretoria (UP), and the Rand Afrikaans University (RAU) (now the University of Johannesburg). The article traces the historical trajectory of these institutions, focusing on their language policies and the complex interplay of political, social and cultural factors that shaped them.

These universities, which, with the exception of the RAU, were initially established under British colonial rule, initially used English as the sole language of instruction (except in the case of the PU for CHE and RAU). However, the growing Afrikaner nationalist movement in the early 20th century led to the gradual introduction and eventual dominance of Afrikaans at these institutions. This shift reflected the socio-political climate of the time, where Afrikaans was promoted as a symbol of Afrikaner identity and cultural pride.

The article also examines the decline of Afrikaans as a primary academic language in the late 20th and early 21st centuries. Factors such as the end of apartheid and the changing demographics of the student body contributed to this shift. Student protests, especially the #FeesMustFall movement in 2015, further accelerated the adoption of English as the primary language of instruction at most universities.

By 2026, Afrikaans had either been removed as an official language at these universities, or had been downgraded to a support role and was losing even more of its functions. The article discusses this downward trajectory, and also mentions the role that a private institution such as Akademia could play in the future.

1. Inleiding

Gedurende die twintigste eeu het die opkoms van die Afrikaners as etniese groep en van Afrikaans as publieke taal groot aandag in die Westerse wêreld getrek. Die kans dat albei in die loop van die een-en-twintigste eeu kan verdwyn, is nie meer vergesog nie. (Giliomee, 2014: 594)

Hierdie artikel ondersoek die opkoms en ondergang van Afrikaans as onderrigmedium. Tydens die laat 19de eeu is onderriginstellings in die Kaapkolonie en in die Boererepublieke opgerig wat tydens die eerste dekades van die 20ste eeu in Afrikaanse onderriginstellings omskep is, tydens die tweede helfte van die 20ste eeu uitgebrei is, en dan in die laaste dekade van die 20ste- en eerste twee dekades van die 21ste eeu in Engelstalige onderriginstellings omskep is. In 1994 het 21 hoërondewysinstellings onderrig slegs in Engels aangebied, vyf was Afrikaanse universiteite en tien is as tweetalig beskou (Beukes, 2015: 164). Teen 2026 was daar geen uitsluitlik Afrikaanse staatsuniversiteite oor nie, Afrikaans was by elke instelling in 'n kreeftegang, en selfs die laaste bastion van Afrikaans – Noordwes-Universiteit – is onder druk om te verengels. Lees 'n mens beskrywings van die proses soos Giliomee en Schlemmer (2006), Giliomee (2014), Beukes (2015), Greffrath en Eloff (2016), Carstens (2017) en Moll (2018), dan blyk die uiteinde – die totale verwydering van Afrikaans as universiteitstaal – onafwendbaar te wees. Nietemin kom Giliomee (2014: 593), Beukes (2015: 166) en Moll (2018: 325) tot die gevolgtrekking dat 'n eie onafhanklike Afrikaanse universiteit die geleentheid kan bied vir Afrikaans om uit die puin te verrys.

In die debat oor Afrikaans op tersiêre onderrigvlak word daar gewoonlik verwys na die vyf¹ Historiese Afrikaanse Universiteite (HAU's), naamlik die Universiteit van Stellenbosch (US),² die Universiteit van Pretoria (UP), die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) (nou hersaamgestel as die Noordwes-Universiteit), die Universiteit van die Oranje Vrystaat (UOVS) (nou hersaamgestel as die Universiteit van die Vrystaat), en die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) (nou hersaamgestel as die Universiteit van Johannesburg) (Giliomee en Schlemmer, 2006: 37; Du Plessis, 2008:315). Die Universiteit van Port Elizabeth, hersaamgestel as die Nelson Mandela Universiteit (NMU), word ook soms hierby ingesluit (Du Plessis, 2008: 316).³ Die huidige artikel volg die meerderheid besprekings van Afrikaans aan Suid-Afrikaanse universiteite deur op die vyf HAU's te fokus.

Die oprigting van die vyf HAU's in Suid-Afrika word vervolgens bespreek, met 'n spesifieke fokus op die aanvanklike ontwikkeling van Afrikaans aan hierdie instellings, sowel as die aftakeling van Afrikaans in onlangse dekades. Daar is reeds heelwat oor die geskiedenis van hierdie instellings gepubliseer, en die huidige artikel vat vorige navorsing saam ten einde 'n oorsig oor die ontwikkeling en aftakeling van Afrikaans as universiteitstaal te kan verskaf. Sommige geskiedenis van hierdie universiteite het ook verskyn voordat taalbeleide hersien is (Universiteit van die Vrystaat, 2006; Van Eeden, 2006b), wat dit ook nodig maak om meer onlangse gebeure te bespreek. Die oogmerk is om 'n oorsig te verskaf van hoe Afrikaans as universiteitstaal gevestig en afgetakel is.

Soos die Universiteit van die Vrystaat (2006: xviii-xix) tereg opmerk, sien universiteite hul begindatums verskillend. Sommige universiteite gebruik hul begindatum as die stigting van skole, soos die Universiteit van Kaapstad (UK) en US, terwyl ander mylpale soos onafhanklikwording (Universiteit van die Witwatersrand) of afskeiding as 'n aparte kollege (UP en UV) gebruik. Indien die oorspronklike stigting van skole wat later in universiteite sou ontwikkel gebruik word, lyk die tydlyn vir die stigting van HAU's soos volg (Universiteit van die Vrystaat, 2006: xviii-xix):

1. Universiteit van die Vrystaat (1855)
2. Universiteit van Stellenbosch (1866)
3. Noordwes-Universiteit (1869)
4. Universiteit van Pretoria (1896)
5. Universiteit van Johannesburg (1968)

Ter wille van konsekwentheid word hierdie tydlyn vir die bespreking van die stigting van HAU's hieronder gevolg.

2. Die vestiging van Afrikaans as universiteitstaal aan Historiese Afrikaanse Universiteite (HAU's)

2.1. Universiteit van die Vrystaat (UV)

Tersiëre onderrig ontstaan in Suid-Afrika tydens die 19de eeu, onder Britse bewind. In 1850 is 'n Raad van Eksaminatore in die Kaapkolonie ingestel vir staatsamptenare, en in 1858 het die goewerneur van die Kaapkolonie, Sir George Grey, die Raad van Openbare Eksaminatore vir Lettere en Wetenskap (ROE) gestig (Van der Schyff, 2003: 6). Hierdie raad was hoofsaaklik 'n

eksaminerende instelling wat kolleges kon ondersteun. Verskeie kolleges het op verdere studies (na matriek) begin fokus, waaronder die South African College (SAC) (later die Universiteit van Kaapstad of UK) en die Diocesan College (later tot niet) in Kaapstad, die Grey Instituut in Port Elizabeth (later tot niet), die Grey Kollege in Bloemfontein (later die UV), die St. Andrew's Kollege in Grahamstad (later Rhodes Universiteit of RU), die Graaff-Reinette Kollege (later tot niet), die Gill Kollege in Somerset-Oos (later slegs 'n hoërskool) en die Stellenbosch Gimnasium (later US) (Van der Schyff, 2003: 6). Die behoefte aan 'n beter stelsel, die Universiteit van Londen se kompetisie as eksaminerende instelling en die gebrek aan internasionale erkenning vir die ROE se eksamens het in 1873 tot die stigting van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop (UKGH) gelei, wat voortaan as eksaminerende instelling sou funksioneer (Van der Schyff, 2003: 7; De Klerk en Tempelhoff, 2006: 28). Die UKGH se onderrigmedium was uitsluitlik Engels (Van der Schyff, 2003: 7).

In 1855 het sir George Grey £2 500 van die Britse regering verkry om 'n kweekskool vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) in die nuutgestigte Republiek van die Oranje-Vrystaat op te rig (Van der Bank, 1995: 303; Universiteit van die Vrystaat, 2006: 7). Hierdie skool sou sedert 1872 amptelik as Grey College bekendstaan (De Klerk en Tempelhoff, 2006: 27), en in 1882 is Grey Kollege deur die staat oorgeneem (Van der Bank, 1995: 307). Alhoewel hoofsaaklik 'n hoërskool, het Grey College die eerste jaar van die BA-graad sedert 1882 begin aanbied (Van der Bank, 1995: 308; Universiteit van die Vrystaat, 2006: xix).

Kort voor die Anglo-Boereoorlog het President MT Steyn hom beywer vir 'n universiteit in die Oranje-Vrystaat, en sy oogmerk was dat dit 'n Hollandse, eerder as 'n Engelse, universiteit moet wees (Van der Bank, 1995: 309; Universiteit van die Vrystaat, 2006: 9). Die uitbreek van die oorlog het egter hierdie plan vertraag.

Ná die oorlog is planne hervat vir die vestiging van 'n tersiêre onderrig-instelling in die Vrystaat, en op 28 Januarie 1904 het klasse geopen van die nuwe Engelse universiteitskollege in Bloemfontein (Van der Bank, 1995: 310). In 1905, terwyl Grey College-studente in die Douglasstraat-gebou gehuisves is, het die eerste studente van die universiteitskollege hul opleiding ontvang in 'n tweevertrek-rooibaksteengebou in St. Georgestraat, met twee bykomende hout-en-sinkstrukture wat as laboratoriums gedien het (Van der Bank, 1995: 310). In 1905 het die Vrystaatse regering £125 000 voorsien vir die bou van nuwe geboue vir Grey Kollege en 'n universiteitskollege op grond wat deur die Bloemfonteinse stadsraad geskenk is, waar Grey Kollege

en die UV vandag nog geleë is (Van der Bank, 1995: 311). Personeel en studente het eers in 1909 in die voltooide geboue ingetrek (Van der Bank, 1995: 318).

Sedert 1906 funksioneer die universiteitskollege onder die naam Grey Universiteitskollege (GUK) (Universiteit van die Vrystaat, 2006: 17; Du Plessis, 2008: 320; Senekal, 2017: 256). Soos ander universiteitskolleges (sien verderaan) is die GUK in daardie stadium geëksamineer deur die UKGH (Rautenbach et al., 1960: 25). In 1908 is die perseel van Grey College en die GUK geskei, en in die daaropvolgende jaar is hoër of tersiêre onderwys van sekondêre en primêre onderwys landwyd geskei (Van der Bank, 1995: 312-313; Universiteit van die Vrystaat, 2006: 17).

Kort voor sy dood in Desember 1916 het die voormalige Vrystaatse president, MT Steyn, ds. Willem Postma versoek om saam met generaal Hertzog en ander Vrystaatse leiers te werk aan die stigting van 'n Afrikaanse universiteit vir die Vrystaat, in samewerking met die Potchefstroom Kollege, wat volledig Afrikaans sou wees (Van der Schyff, 2003: 161).

In 1916 is wette 12, 13 en 14 deur die Unieregering goedgekeur, wat gelei het tot die stigting van drie universiteite (Rautenbach et al., 1960: 41; Van der Schyff, 2003: 152; Steyn, 2014: 183). Hierdie wette het voorsiening gemaak vir:

1. Wet 12: Die Federale Universiteit van Suid-Afrika (die latere UNISA) met ses kolleges (Rhodes, Hugenote, Grey, Natalse en Transvaalse Universiteitskolleges en die SA School of Mines and Technology);
2. Wet 13: Die Universiteit van Stellenbosch (US); en
3. Wet 14: Die Universiteit van Kaapstad (UK).

Die ses kolleges sou vakke doseer, wat deur die Universiteit van Suid-Afrika as opvolger van die UKGH geëksamineer sou word. Toekomstige veranderinge in die taalbeleide van hierdie kolleges was derhalwe afhanklik van die Universiteit van Suid-Afrika vir die eerste paar dekades van die 20ste eeu. Die Universiteit van Stellenbosch (US) en die Universiteit van Kaapstad (UK) sou egter onafhanklik funksioneer.

Alhoewel sommige vakke reeds sedert 1911 in Afrikaans gedoseer is, het die GUK eers in 1918 'n tweetalige universiteit geword (Universiteit van die Vrystaat, 2006: 349; Du Plessis, 2008: 320; Senekal, 2017: 256). In 1918 het die Universiteit van Suid-Afrika se senaat aan gefedereerde kolleges toestemming verleen om Afrikaans as onderrigmedium te gebruik (Van der Bank, 1995: 366). In die daaropvolgende jaar is leerplanne vir die eerste keer aan die GUK in Afrikaans gepubliseer (Steyn, 1993: 263; 2014: 189). Ook

in 1918 word DF Malherbe aan die GUK aangestel in die eerste leerstoel in Afrikaans in Suid-Afrika (Steyn, 2014: 185).

Tydens die 1920's was daar egter agteruitgang met die gebruik van Afrikaans aan die GUK, en teen 1928 was slegs 20% van kursusse in Afrikaans (Steyn, 2014: 189, sien ook Universiteit van die Vrystaat, 2006: 60).

Die GUK het beoog om in die behoeftes van alle studente in die Vrystaat te voorsien, en in 1929 het die Raad die volgende taalbeleid goedgekeur:

Die Kollege se voortbestaan word in hoofsaak daardeur bepaal dat hy geroepe is om die intellektuele en sedelike belange van die bevolking van die Vrystaat te dien. Waar sy taak is die bevordering van Wetenskap en Kuns, aanmoediging tot navorsing en verheffing van die beskawingspeil, geskied die opleiding van studente derhalwe in ooreenstemming met die godsdienstige lewensbeskouing en traditiesies (sic) van die Vrystaat se bevolking, met dien verstande dat, terwyl studente uit alle seksies welkom is en na die beste vermoë gedien word, die belange van die groot meerderheid sodanig erkenning geniet as wat sy kulturele behoeftes vereis (aangehaal in Van der Bank, 1995: 366).

Hierdie beleid het derhalwe vir groter tweetaligheid voorsiening gemaak, alhoewel daar nie teen 1929 voorsien is dat die GUK 'n eentalige Afrikaanse instelling sou word nie (Van der Bank, 1995: 367). Nietemin het die Stadsraad van Bloemfontein hierna hul skenking aan die GUK verminder uit protes teen die groter gebruik van Afrikaans, omdat hulle aangevoer het dat die GUK alle dele van die Vrystaatse bevolking moet dien (Van der Bank, 1995: 367).

In 1935 is die GUK herdoop as die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (UKOVS) (Van der Bank, 1995: 364; Universiteit van die Vrystaat, 2006: 126). Die universiteit se oriëntering op hierdie tydstip ten opsigte van die Afrikaner kan gesien word in die noue betrokkenheid by die eeufeesviering van die Groot Trek in 1938, soos ook die geval is met ander Afrikaansgesinde universiteite (sien verderaan) (Universiteit van die Vrystaat, 2006: 129-130).

Die UKOVS word uiteindelik in 1948 enkelmedium Afrikaans (Universiteit van die Vrystaat, 2006: 349; Du Plessis, 2008: 320; Senekal, 2017: 256) en op 18 Maart 1950 word die UOVS 'n onafhanklike universiteit deur Wet 21 van 1950 (Universiteit van die Vrystaat, 2006: 163). Hierna sou die UOVS nie meer deur die Universiteit van Suid-Afrika geëksamineer word nie.

Die UOVS het geleidelik uitgebrei met nuwe fakulteite, geboue en groeiende studentegetal, en het toenemend 'n Afrikaanse karakter ontwikkel. In 1978 is die gewysigde Private Wet en Statuut van die UOVS deur die parlement goedgekeur, wat aanvoer:

... dat die Universiteit uit die aard van sy geskiedenis en ontwikkeling 'n Afrikaanse universiteit is met 'n Christelike en volkseie kultuurgrondslag wat hom ten doel stel om in die geestelike, kulturele en alle ander behoeftes, volgens die aard en tradisies van die bevolkingsdeel wat hy bedien, te voorsien (aangehaal in Universiteit van die Vrystaat, 2006: 349).

Die vroeë 1990's was 'n ontwrigtende tydperk vir hoër onderwys in Suid-Afrika. Soos by ander Suid-Afrikaanse universiteite het die UOVS se karakter gedurende die 1990's verander as gevolg van toenemende getalle swart studente wat ingeskryf het, 'n tendens wat Moll (2018: 324) in die konteks van die US “die dwingelandy van die demografie” noem. In 'n poging om swart studente se taalvoorkeure te akkommodeer, het die UOVS in 1993 parallelmedium geword (formeel sedert 1998) (Giliomee en Schlemmer, 2006: 77; Universiteit van die Vrystaat, 2006: 349; Du Plessis, 2008: 320; Senekal, 2017: 256). In 1996 is die naam van die instelling verander na die Universiteit van die Vrystaat (Du Plessis, 2008: 321). Nietemin skryf Steyn (2014: 456) dat die UV, saam met PU vir CHO, die belangrikheid van 'n spesifieke taal- en kulturele erfenis beklemtoon het, en dat daar hierdeur 'n kloof tussen hulle en die UP en US – vir wie hierdie erfenis minder belangrik was – ontstaan het.

Op 6 Junie 2003 het die UV 'n nuwe taalbeleid ingebring wat ook Engels vir administrasiedoeleindes gebruik, wat in die breë tot in 2016 voortbestaan het (Universiteit van die Vrystaat, 2006: 349; Du Plessis, 2016: 1051). Eers teen einde 2015 maak die UV se Raad riglyne bekend vir 'n toekomstige nuwe taalbeleid, wat fokus op inklusiwiteit en meertaligheid, Afrikaans as hooftaal sal afskaf, parallelmediumonderrig beëindig, en Afrikaans saam met Sesotho en isiZulu in 'n ondersteunende rol plaas om die oorgang na Engels as onderrigtaal te vergemaklik (Du Plessis, 2017: 90). Hierdie nuwe taalbeleid is geformuleer teen die agtergrond van toenemende eise vir transformasie van die onderwys soos gedryf deur die nou meerderheid swart studente aan die UV, veral ná die #FeesMustFall-beweging van 2015.

Die #FeesMustFall-beweging het Suid-Afrikaanse universiteite aansienlik beïnvloed, wat gelei het tot kampussluitings en ontwrigtings weens betogings (Griesel en Ogude, 2023: 96). Studente het aangedring op veranderinge soos die dekolonisering van die kurrikulum en die inkontraktering van dienspersoneel (Griesel en Ogude, 2023: 96), maar bevat ook 'n toenemende vyandigheid teenoor Afrikaans as onderrigmedium. Die UV is ook direk geraak deur die #FeesMustFall-betogings van 2015, sowel as die betogings rondom die inkontraktering van dienspersoneel in 2016.

'n Belangrike gebeurtenis was die Shimlapark-voorval op 22 Februarie

2016⁴, waar 'n gewelddadige konfrontasie plaasgevind het tussen wit toeskouers en betogende swart studente wat 'n rugbywedstryd ontwrig het (Van der Westhuizen, Labuschagne en Kekana, 2016). Die aanloop tot hierdie konflik was geskille rondom klasgelde en die inkontraktering van werkers, sowel as die destydse rektor, Jonathan Jansen, se konflik met swart studente, en die swart studente het die rugbywedstryd ontwrig in 'n poging om Jansen te spreek (Van der Westhuizen, Labuschagne en Kekana, 2016). Die daaropvolgende geweld het gelei tot grootskaalse vandalisme, sowel as intense rassekonflik (Van der Westhuizen, Labuschagne en Kekana, 2016).

'n Paar weke na die Shimlapark-voorval, op 11 Maart 2016, maak die Raad van die UV bekend dat Engels voortaan die primêre onderrigtaal aan die UV sal wees, alhoewel hulle onderneem om ook ander tale uit te bou (Du Plessis, 2016: 1051). Du Plessis (2016: 1051) voer aan:

Waar die 2003-beleid tweetaligheid binne die konteks van meertaligheid institutionaliseer, verskuif die nuut aangekondigde beleid met die de-institutionalisering van Afrikaans na 'n eentalige bestel, versuiker deur tipies egalistiese bedoelings insake meertaligheid.

Du Plessis (2016: 1064, 2017: 87) vestig ook die aandag daarop dat die taalbeleid verband hou met indiensnemingspraktyke wat die nasionale demografie moet weerspieël, met ander woorde die tweetalige beleid van die UV het tot op hede die aanstelling van swart dosente vertraag (sien in hierdie verband ook Malan, 2010: 442). Elders spekuleer Du Plessis (2016: 1066):

'n letwat siniese lees van hierdie oënskynlike watertrappery [rondom die taalbeleid] is dat daar moontlik gewag is op 'n *deus ex machina*-moment wat verdedigbare gronde sou skep vir 'n grondige beleidshersiening, selfs al sou dit op bedenkbare morele gronde wees wat berus op die herontdekking van probleme waarvan die bestuur sedert 2008⁵ deeglik bewus was en wat hulle veronderstel was om daadwerklik te hanteer.

Du Plessis (2016, 2017) noem nie die Shimlapark-voorval nie, maar die datums dui daarop dat die UV se bestuur moontlik 'n loon-, klasgelde- en persoonlike geskil benut het om die universiteit se nuwe taalbeleid deur te voer, oënskynlik as gevolg van die rass spanning wat die insident 'ontbloom'⁶ het. Inderdaad was die UV se kernargument in die latere hofspraak, wat in Maart 2017 in die appèlhof ten gunste van die UV beslis is, dat die gebruik van Afrikaans tot toenemende rass spanning gelei het (Moll, 2018: 303, 308, 316, sien ook Senekal, 2015: 358⁷). Hierdie uitspraak was 'n verdoemende uitspraak teen

Afrikaans by Suid-Afrikaanse universiteite, “omdat die uitslag leiding sou gee oor in watter situasie Afrikaans vorentoe ook by die US sou beland” (Moll, 2018: 307). Die uitspraak is in Desember 2017 deur die Konstitusionele Hof ten gunste van die UV bevestig (Moll, 2018: 316).

Oudpresident MT Steyn, “jare lank die siel van die Vrystaat” (Universiteit van die Vrystaat, 2006: 17), se standbeeld is ook tydens die Februarie 2016-betogings gevandaliseer, en is uiteindelik in 2020 na die Vrouemonument in Bloemfontein verskuif.

Die UV se huidige taalbeleid bevorder na bewering veeltaligheid, met die fokus op die ontwikkeling van Sesotho en isiZulu as akademiese tale, terwyl Engels as die primêre onderrigtaal gehandhaaf word en dit toelaat dat Afrikaans in spesifieke taalverwante programme en sekere sosiale en kulturele kontekste gebruik word (Universiteit van die Vrystaat, 2023). Vir alle praktiese doeleindes is die UV egter Engels, met byvoorbeeld ’n slegs Engelse webwerf, slegs Engelse amptelike kommunikasie, en slegs Engels word in openbare vergaderings gebruik. Ook word alle vakke, behalwe taalverwante vakke, slegs in Engels aangebied. Boonop was daar in Junie 2025 ’n mediastorm nadat Anthea Rhoda, die UV se adjunkvisekanselier vir akademie, in ’n sterk bewoorde e-pos vir personeel die opdrag gegee het om die gebruik van Afrikaans vir onderrigdoeleindes onmiddellik te staak (Strydom, 2025). Nietemin het die UV agterna beweer die universiteit is verbind tot veeltaligheid (Strydom, 2025).

2.2. Universiteit van Stellenbosch (US)

Het Stellenbosch Gymnasium, wat studente vir ’n BA-graad kon oplei, is in 1866 gestig (Steyn, 1993: 228; Kapp, 2011: 375; Heese, 2018: 3). Die kollege was in daardie stadium Engels (Steyn, 1993: 255, 2014: 29; Kapp, 2011: 375), met die Raad van Openbare Eksaminatore, wat in 1858 gestig is, wat as die eksaminerende universiteit opgetree het (Boucher, 1973: 60). In 1879 het die kollege van die skoolkomponent geskei onder die naam Stellenbosch College and Public School (Van der Schyff, 2003: 7) (Steyn, 2014: 29 stel die datum as 1881). ’n Formele petisie aan koningin Victoria in Maart 1886 het gelei tot haar goedkeuring om die naam van Stellenbosch College na Victoria College te verander (Heese, 2018: 10). Sedert 1887 staan die instelling as die Victoria Kollege (VK) bekend (Steyn, 1993: 228, 2014: 29; Van der Schyff, 2003: 7; De Klerk en Tempelhoff, 2006: 27; Kapp, 2011: 375). Nicolaas Mansvelt het later onthul dat hy die naam “Victoria College” in teenstelling met “Queen’s College” gekies het, wat eintlik verwys na die oorwinning (“victorie”) van die

Hollands-Afrikaanse taal in die onderwys (Van der Schyff, 2003: 8). In 1899 is matriekopvoeding van die res van die kollege geskei, wat VK 'n volwaardige tersiêre onderriginstelling gemaak het (Heese 2018:19).

In 1910 het die Unieregering 'n plan oorweeg vir 'n nasionale Suid-Afrikaanse universiteit, befonds deur 'n skenking van mynmagnaat Julius Wernher en finansier Otto Beit, wat gebruik sou kon word om die VK in 'n onafhanklike universiteit te omskep (Steyn, 1993: 231; Kapp, 2011: 376; Heese, 2018: 18). Volgens Steyn (1993: 231, 2014: 182) was die bedrag van die skenking £500 000, maar Kapp (2011: 376) noem die laer bedrag van £375 000. Nietemin was onderrig in Engels aan die skenking gekoppel, terwyl die VK 'n Afrikaanse instelling wou wees: “Die donateurs het kritiek gehad op die bepalings omtrent die taalartikel en die toelatingseksamen tot die fakulteite van lettere en wysbegeerte en natuurwetenskappe” (Steyn, 1993: 232). Omdat die VK nie die regering se Engelse beleid wou aanvaar nie, is die fondse nie vir die oprigting van 'n universiteit op Stellenbosch goedgekeur nie (Kapp, 2011: 376). Wernher en Beit se skenking is eerder gebruik vir die oprigting van die Universiteit van Kaapstad (Steyn, 1993: 237; Heese, 2018: 18).

Die idee vir 'n universiteit op Stellenbosch was van meet af aan dat dit 'n Afrikaanse onderriginstelling moes wees. In 'n memorandum van 1911 het die Universiteits Waakzaamheidskommissie onder leiding van A Moorrees, DF Malan en JG van der Horst die volgende visie vir die omskepping van die VK in 'n universiteit op Stellenbosch uitgespreek:

Dit is die plek waar die Afrikanervolk sy ideale die beste kon verwesenlik en van waaruit dit die grootste invloed op Suid-Afrika kon uitoefen. Dit is die beste vervulling, wat die volk nog gevind het van 'n diepgaande behoefte. Dit staan vir 'n idee! Dit het daarom vir die volk geword nie 'n blote opvoedingsinrigting onder ander nie, maar die simbool en die waarborg van sy eie kragtige, groeiende nasionale lewe wat na uitdrukking soek (aangehaal in Steyn, 2014: 181).

Omdat Wernher en Beit se skenking as gevolg van hierdie taalvoorbehoude nie vir Stellenbosch geskik was nie, is ander befondsing gevind vir die oprigting van 'n Hollandse/Afrikaanse universiteit. Jannie Marais, wat saam met sy broers rykdom in Kimberley opgebou het uit diamante en De Beers-aandeel, is op 5 Mei 1915 oorlede, en hy het £100 000 bemaak vir die stigting van die Universiteit van Stellenbosch, wat instrumenteel was in die verkryging van die universiteit se onafhanklike status (Kapp, 2011: 376; Steyn, 2014: 183; Heese, 2018: 24). In sy testament het Marais bepaal dat die trustees by die toekenning van die geld sal sorg dra dat “aan het College de Hollandsche Taal in zijn beide

vormen – d.w.z. Afrikaans soowel as Nederlandsch – geen minder plaats dan het Engelsch innemen zal” (aangehaal in Steyn, 2014: 183, sien ook Heese, 2018: 25). De Beers het ook £25 000 vir die oprigting van ’n universiteit geskenk (Steyn, 2014: 183). Anders as by die GUK/UKOVS/UOVS, waar die instelling in Engels begin het, was Afrikaans met ander woorde die *raison d’être* vir die US, soos ook bepaal in die skenking wat vir sy oprigting verantwoordelik was.

Wet 13 van 1916, Die Universiteit van Stellenbosch-wet, het die Universiteit van Stellenbosch formeel op 2 April 1918 tot stand gebring (Kapp, 2011: 376) en daardeur het die VK die onafhanklike onderwysuniversiteit geword (Boucher, 1973: 63; Steyn, 1993: 237). In daardie stadium was die US se voertaal Nederlands (De Klerk en Tempelhoff, 2006: 28).

Vanaf 1918 het Stellenbosch geleidelik meer klasse in Afrikaans begin aanbied, alhoewel sommige vakke reeds gedeeltelik in Afrikaans aangebied is sedert 1915 (Steyn, 1993: 258, 2014: 185). In dieselfde jaar is die tweede leerstoel in Afrikaans in Suid-Afrika aan die US deur JJ Smith beklee (Kapp, 2011: 388; Steyn, 2014: 185).

Sedert die 1920’s het ’n proses van taaldifferensiasie aan hoër onderwysinstellings in Suid-Afrika plaasgevind, gebaseer op die taal van die meerderheid studente en dosente aan die instelling (Steyn, 2014: 183). Teen 1950 was daar vier Afrikaanse en vier Engelse universiteite in Suid-Afrika (Steyn, 2014: 183). Die US self het in 1932 ’n Afrikaansmedium-instelling geword (Boucher, 1973: 64). Die US se Afrikaanse ingesteldheid kan ook daarin gesien word dat studente entoesiasies in 1938 aan die Eeufeesviering deelgeneem het (Heese, 2018: 32).

As gevolg daarvan dat die demografie in die Wes-Kaap beduidend van die res van die land verskil, het die veranderinge in hoër onderwys in Suid-Afrika gedurende die 1990’s die US se taalbeleid later beïnvloed as by die UOVS, UP, PU vir CHO en RAU. Teen 1946 het ongeveer 2% van studente aan die US uit Engelse huise gekom, gedurende die 1960’s het die persentasie Engelssprekende studente op Stellenbosch stadigaan toegeneem tot 9,3%, en teen 1990 was Engels die taal van 16,8% van studente (Heese, 2018: 38). In 1992 het die US herbevestig dat dit ’n Afrikaanse universiteit is (Heese, 2018: 39; Visser, 2018: 140). Eers in 2002 het die US ’n taalbeleid aanvaar wat Afrikaans as die verstekonderrigtaal vooropgestel het, terwyl dit steeds voorsiening maak vir parallelmedium en, in uitsonderlike gevalle, slegs Engels, met ’n “Tweetalige Opsie” (die sogenaamde “T-opsie”) wat minstens 50% Afrikaans vereis (Giliomee, 2014: 588; Steyn, 2014: 458; Moll, 2018: 66). Alhoewel hierdie beleid op die oog af Afrikaans bevorder, het die US vinnig sy gebruik van Afrikaans as onderrigmedium afgeskaal.

Weens 'n toestroming van Engelssprekende studente het slegs Afrikaans-klasse aan die Universiteit van Stellenbosch van 35% in 2009 tot 12% binne vier jaar afgeneem, terwyl dubbelmediumklasse tot 58% gestyg het (Giliomee, 2014: 588). Boonop het fakulteite gereeld nie by die amptelike taalbeleid gehou nie. Ten spyte van die 2003-aankondiging dat 70% van modules in Afrikaans en 24% tweetalig sou wees, het die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte byvoorbeeld Afrikaans teen 2015 geleidelik afgeskaal ten gunste van Engels, strydig met hul verklaarde tweetalige beleid (Moll, 2018: 203).

Die US het ook sy vermoë verloor om die primêre bestemming vir Afrikaanse studente te wees: Die groei in die aantal Afrikaanse voorgraadse studente aan die US was minder as 25% tussen 1998 en 2008, terwyl die PU vir CHO en die UV in hierdie tyd die grootste groei in Afrikaanse studentegetalle ervaar het (Steyn, 2014: 458) (sien verderaan). In 2017 was daar altesaam 48,1% studente wat hul huistaal as Engels aangedui het (Heese, 2018: 39). Tien jaar terug verwys Giliomee (2014: 588) na “'n kampus wat vinnig na Engels begin oorhel.”

Ook die US is beïnvloed deur studenteopstande rondom #FeesMustFall, wat in hierdie kampus in #OpenStellenbosch ontwikkel het. Die Open Stellenbosch (OS)-beweging van 2015, wat te midde van landwye studentebetogings gevorm is, het oproepe vir transformasie by die US versterk en die bestaande taalbeleid as uitsluitend gekritiseer (Moll, 2018: 219 e.v.; Visser, 2018: 160 e.v.). Hulle het gepleit vir die groter gebruik van Engels as die primêre akademiese taal, met die argument dat Afrikaans ongelykheid en uitsluiting laat voortduur (Moll, 2018: 219 e.v.; Visser, 2018: 160 e.v.).

Een van die argumente – wat ook by ander HAU's in hierdie tyd aangetref is – noem Moll (2018: 15) “eenderse ellende”: Die feit dat swart studente nie in hul eerste taal onderrig ontvang het nie, is as argument gebruik om Afrikaanse studente aan te moedig om ook moedertaalonderrig op tersiêre vlak prys te gee (hierdie argument verreken nie wit Engelssprekende studente se posisie nie). Soos by die UV was daar ook beweerde rassevoorvalle, soos die “Blackface-debakel” van Februarie 2016 (Moll, 2018: 262 e.v.; Visser, 2018: 162-163). Hierdie aktivisme van OS het bygedra tot die uiteindelijke beleidsverskuiwing op Stellenbosch, waar die gebruik van Afrikaans as primêre onderrigtaal aansienlik verminder is (Moll, 2018: 219 e.v.; Visser, 2018: 160 e.v.).

Moll (2018: 294) noem 22 Junie 2016 “Swart Woensdag.”⁸ Op hierdie dag het die US se raad 'n nuwe taalbeleid goedgekeur, wat beoog om Engels as die primêre akademiese taal te gebruik, met parallelmediumonderrig in voorgraadse kursusse, dubbelmedium waar nodig, en voortgesette ondersteuning vir Afrikaans en isiXhosa deur middel van verskeie strategieë,

insluitend taalverwerwingskursusse, meertalige woordelyste en die beskikbaarstelling van leermateriaal in Afrikaans (Moll, 2018: 292). Tot op hierdie datum is Afrikaans by die US beleidmatig op gelyke vlak met Engels hanteer, maar daarna het Afrikaans sy status begin verloor (Carstens, 2017: 199). Moll (2018: 322) skryf dat 'n nuwe taalbeleid wat meertaligheid beklemtoon, met Engels wat 'n leidende rol ingeneem het vanweë die belangrikheid daarvan as 'n internasionale akademiese en professionele taal, saam met die groeiende aantal Engelssprekende studente (wat teen 2016 die meerderheid geword het), daartoe gelei het dat Engels die dominante taal op kampus geword het:

Die gang van die geskiedenis, die onafwendbaarheid van die vereistes vir 'n demokratiese bestel en die dwingelandy van die demografie het onomkeerbaar die terugkeer na 'n uitsluitlik Afrikaanse Universiteit Stellenbosch in 'n onbereikbare skimbeeld laat verdwyn. Die venynige debatte, die twisgeskille tydens berade, die mobilisering van kragte kon weliswaar nie die glybaan na Engels stuit nie, maar het ten minste die verengelsingproses van tyd tot tyd gestuit en vertraag en sterker stimulus aan die gedagte van 'n eie Afrikaanse universiteit gegee (Moll, 2018: 324).

Amptelik ondersteun die US se huidige taalbeleid veeltaligheid deur Afrikaans, Engels en isiXhosa te gebruik, met Afrikaans wat erken word as 'n internasionaal gerespekteerde taal met 'n aansienlike akademiese repertorium, en bepalinge word gemaak om voorgraadse modules in Afrikaans aan te bied, leermateriaal en assesserings in Afrikaans te verskaf, en die gebruik van Afrikaans as wetenskapstaal te bevorder (Stellenbosch Universiteit, 2021). Nietemin is studente in 2021 deur die US se koshuisbeleid verbied om Afrikaans in koshuiskamers, op WhatsApp óf selfs die parkbankies voor hul koshuis te praat, waarop die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (MRK) bevind het dat studente se menseregte geskend is (Heyns, 2023). Van die vyf HAU's wat in die huidige artikel bespreek word, is slegs die US en NWU se webwerwe tans in Afrikaans beskikbaar.

2.3. Noordwes-Universiteit (NWU)

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het uit die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk ontwikkel, wat sy deure op 29 November 1869 in Burgersdorp geopen het (Jooste, 1957: 70; Van der Schyff, 2003: 2; Steyn, 2014: 189). Jooste (1957: 70) skryf dat hierdie teologiese skool se opleiding "nie slegs 'n enge toerusting sou wees om te kan preek nie, maar

'n poging om dit so breed as moontlik te maak en die beginselleiding dus so omvattend as maar kan." Die gevolg was dat hierdie skool 'n verskeidenheid vakke in die wetenskap aangebied het ter voorbereiding vir tersiêre studie. Die geboorte-uur van hierdie universiteit was volgens Van der Schyff (2003: 23) egter nie die stigtingsdatum van die Teologiese Skool in 1869 nie, maar eerder die sinodebesluit van 1876 oor die stigting van die Literariese Departement en Petrus Postma se diensaanvaarding as die eerste professor in 1877.

Hierdie onderwysinstelling was uit die staanspoor Afrikaans (Steyn, 1993: 264). Jooste (1957: 84) verwys na die skool se "uitgesproke Afrikaanse gees en gesindheid," terwyl Van der Schyff (2003: 8) onomwonde stel: "Die Christelike en nasionale (Afrikaanse) karakter van die Teologiese Skool dateer onmiskenbaar sedert die geboorte-uur."

Die Teologiese Skool se moontlike verskuiwing vanaf Burgersdorp, wat in die vroeë 1890's oorweeg is maar deur die oorlog vertraag is, het uiteindelik vroeg in 1905 na Potchefstroom plaasgevind (Jooste, 1957: 88; Van der Schyff, 2003: 79). Hierdie verskuiwing het, volgens Petrus Postma, ten doel gehad "om hier een krachtig bolwerk voor het bestand van taal en volk te vormen" (aangehaal in Van der Schyff, 2003: 105). Die instelling is in daardie stadium deur skenkings van gemeentes en Nederlandse hulp befonds (Van der Schyff, 2003: 178).

Die Literariese Departement van die Teologiese Skool het tydens die eerste twee dekades van die 20ste eeu stadig gegroei en sterk finansiële uitdagings in die gesig gestaar, deels as gevolg van sy aandrang op sy Christelike karakter (Van der Schyff, 2003). Uiteindelik, op 23 Julie 1919, is die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Kristelik Hoger Onderwijs in die lewe geroep (Steyn, 1993: 264, 2014:189; Van der Schyff, 2003: 190), en sedert 1919 het PUK 'n regeringssubsidie ontvang (Van der Schyff, 2003: 189). Op 15 Julie 1921 het hierdie instansie 'n kollege van die Universiteit van Suid-Afrika geword onder die naam Potchefstroomse Universiteitskollege (PUK) (Steyn, 1993: 238, 2014: 189; Van der Schyff, 2003: 222; De Klerk en Tempelhoff, 2006: 28). Hierna sou die Universiteit van Suid-Afrika eksaminering van die PUK behartig, soos ook die geval was met die GUK en TUK. In 1933 is hierdie instelling herdoop as die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys (PUK vir CHO) (Steyn, 2014: 189).

Soos die GUK en TUK was die PUK vir CHO nou betrokke by die eeufeesviering van die Groot Trek in 1938, en in 1943 is die AH Potgieter-wa vir veilige bewaring aan die PUK vir CHO toevertrou (Van der Schyff, 2003: 561-566). Die Afrikaanse karakter van die PUK vir CHO kan ook gesien word in teenkanting teen Suid-Afrika se betrokkenheid aan die Engelse kant tydens

die Tweede Wêreldoorlog: In 1940 het soldate van die Unie 'n aanval geloods op studente van die PUK, wat na hul mening teen die oorlog gekant was (Van der Schyff, 2003: 496). Sestien studente is beseer en geboue gevandaliseer, waarvan die herstel deur die regering befonds is (Van der Schyff, 2003: 500).

Wet No. 19 van 1950 het die PUK vir CHO verhef tot die onafhanklike universiteit, Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) (Van der Schyff, 2003:600; Van Eeden, 2005:211). Die PU vir CHO word met ander woorde onafhanklik in dieselfde jaar as die UOVS.

Die PU vir CHO het ook tydens die 1990's onder druk gekom as gevolg van die veranderende demografie van studente. In 1992 het die PU vir CHO 'n wysiging in sy taalbeleid ingebring wat aangevoer het dat alhoewel Afrikaans die hooftaal van die instelling is, ander tale gebruik mag word waar dit noodsaaklik is (Van Eeden, 2006a: 515).

Op 20 Junie 2003 het PU vir CHO saamgesmelt met die Universiteit van Noordwes (tot 1996 die Universiteit van Bophuthatswana) en die Sebokeng-kampus van Vista Universiteit om Noordwes-Universiteit (NWU) te vorm (Van Eeden, 2005: 211, 2006a). Dit het beteken dat groter getalle nie-Afrikaanssprekende studente by die universiteit ingedeel is, alhoewel die verskillende kampusse se studentesamestellings verskil het, met die Potchefstroomkampus wat steeds oorwegend Afrikaanssprekende studente gehad het.

In hierdie tyd het NWU se Potchefstroomkampus ook toenemend 'n bestemming vir Afrikaanse studente geword. Tussen 1998 en 2008 het die aantal Afrikaanse studente aan alle Suid-Afrikaanse universiteite van 45 000 tot 56 000 gestyg, met die grootste toenames van meer as 62% aan die UV en 105% op Potchefstroom, wat laasgenoemde se markaandeel van Afrikaanse studente van 16% tot 29% verhoog het (Steyn 2014: 457). Met die afskaffing van Afrikaans as onderrigmedium aan die UJ, en later UP, UV en US, het NWU die voorkeurtuiste vir Afrikaanse studente geword. Dit noop Greffrath en Eloff (2016: 7) om teen 2016 op te merk: “Die horison vir Afrikaans by die NWU lê [...] verder as by enige ander universiteit, alhoewel dit vorentoe onder groter transformatiewe en politieke druk sal kom.”

Opvoedkundige tolking is ook by NWU ingestel om te verseker dat die keuse van onderrigtaal nie 'n struikelblok vir studente se toegang en sukses vorm nie, spesifiek om Afrikaans as hoofonderrigtaal op die Potchefstroomkampus te behou sonder om Engelssprekende studente te benadeel (Blaauw, 2015: 43). Die diens het in 2004 met 24 periodes per week begin en het oor 'n tydperk van tien jaar gegroei tot 2 200 periodes per week teen 2014 (Blaauw, 2015: 45).

Op 22 November 2018 het NWU 'n nuwe taalbeleid aanvaar, wat ten doel het om 'n funksioneel meertalige omgewing te skep, deur Engels, Setswana, Sesotho en Afrikaans as die universiteit se keusetale te gebruik, terwyl Setswana en Sesotho as tale van kommunikasie, betrokkenheid, onderrig en leer ontwikkel word, sonder om die gebruik van Engels en Afrikaans te verminder (Noordwes-Universiteit, 2018). Dit is opgevolg op 23 Junie 2022 met 'n nuwe taalbeleid met 'n soortgelyke strekking (Noordwes-Universiteit, 2022). Afrikaans is sedertdien nie meer die primêre onderrigtaal nie.

2.4. Universiteit van Pretoria (UP)

Die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die Republiek van die Oranje-Vrystaat het in 1899 besluit om 'n Hollands-Afrikaanse universiteit te stig as teenvoeter teen Britse invloed, maar die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die planne vertraag (Rautenbach et al., 1960: 1-3; Van der Schyff 2003: 88). In 1903 word die SA School of Mines (gestig 1896) vanaf Kimberley na Johannesburg verskuif en as die Transvaal Technical Institute (TTU) opgerig (Rautenbach et al., 1960: 4). Die TTU open sy deure in April 1904 met 'n regeringsubsidie van £38 000 en geldelike steun van die Witwatersrand Council of Education (Rautenbach et al., 1960: 4). In 1906 is besluit om die naam te verander na die Transvaal University College (TUC), wat op 1 Augustus 1906 amptelik geopen is (Rautenbach et al., 1960: 6).

Onder leiding van JC Smuts is die vakrigtings van die TUC in 1907 verdeel, met tegnologie en mynwese in Johannesburg, landbou op Frankenwald⁹, en natuur- en geesteswetenskappe in Pretoria (Rautenbach et al. 1960: 9). Die Pretoria-tak het die naam van TUK oorgeërf (Rautenbach et al., 1960: 23; Strydom, 2018: 75). Die Johannesburg-tak het die SA School of Mines and Technology geword, in 1920 herdoop as die University College of Johannesburg (sedert 1922 die Universiteit van die Witwatersrand) (Rautenbach et al., 1960: 42; Van der Schyff, 2003: 88). Die Landboukollege op Frankenwald het nie gerealiseer nie, maar TUK het in 1917 hierdie funksie oorgeneem (Rautenbach et al., 1960: 24).

Klasse het op 10 Februarie 1908 by die TUK begin (Rautenbach et al., 1960: 13). Die aanvanklike perseel staan as Kya Rosa bekend, 'n huis gebou deur Leo Weinthal en in 1902 deur die regering gekoop (Rautenbach et al., 1960: 13). Die kollege is op baie kort kennisgewing gestig: Die dag voor die eerste studente se aankoms het die dosente hul eerste vergadering in die middestad van Pretoria gehou en is toestemming deur die Direkteur van Onderwys verleen om stoele en tafels te koop om die studente die volgende dag te

akkommodeer (Rautenbach et al., 1960: 13; Van der Merwe, 2010: 87). In 1909 het TUK verskuif na die gewese Staatsgimnasium in Proesstraat (Rautenbach et al., 1960: 19).

Alhoewel klasse reeds in 1908 begin het, word die stigtingsdatum van hierdie universiteit ook as 1910 gesien toe hierdie instelling sy eie kampus gekry het (Van der Merwe, 2008: 151). Op 17 Mei 1910 is die TUK met Wet No. 1 van 1910 opgerig, en die staat het £50 000 vir hierdie oprigting bewillig (Rautenbach et al., 1960: 24, 35). TUK sou ook soos ander kolleges geëksamineer word deur die UKGH (Rautenbach et al., 1960: 25). In dieselfde jaar begin bouwerk aan die nuwe kampus in Brooklyn, en in 1911 word in hierdie geboue ingetrek (Rautenbach et al., 1960: 26-27).

Alhoewel TUK 'n tweetalige instelling was, is klasse hoofsaaklik in Engels aangebied (Grey, 2019: 104; Steyn, 2014: 187). Daar is in 1916 van die UKGH toestemming verleen dat studente aan die TUK vraestelle in Nederlands mag beantwoord (Rautenbach et al., 1960: 49). In 1917 het DF du Toit Malherbe sommige lesings in Chemie in Afrikaans begin aanbied (Strydom, 2018: 80; Steyn, 2014: 187). Die stigting van die Universiteit van Suid-Afrika, wat as eksaminerende liggaam by die UKGH oorgeneem het, het in 1918 positiewe verandering gebring deur meer outonomie aan sy samestellende kolleges te verleen, wat ontwikkelings by een instelling, soos verhoogde erkenning van Afrikaans, toegelaat het om ander te beïnvloed (Rautenbach et al., 1960: 50). Sedert 1918 is groter stappe geneem om Afrikaanse studente te akkommodeer, byvoorbeeld deur die voertaal van klasse aan studente oor te laat (Steyn, 1993: 260). Nietemin voer Rautenbach et al., (1960: 52) aan dat Afrikaanse klasse teen 1919 steeds die uitsondering aan die TUK was, en teen 1929 was bykans 'n driekwart van lesings steeds in Engels (Rautenbach et al., 1960: 56).

Strydom (2018) voer aan dat die tweetalige beleid van die TUK tot 'n groot mate 'n versoeningsbeleid was wat probeer het om Afrikaans- en Engelssprekende studente se behoeftes te akkommodeer en hulle nader aan mekaar te bring. Boonop sou eentaligheid vir Afrikaans of Engels 'n verlies aan studente meebring: Word die TUK in die 1920's Engels, sou Afrikaanse studente na die GUK gaan; word die TUK Afrikaans, sou Engelse studente 'n heenkome in die Universiteit van die Witwatersrand vind. In 1921 het WJ Viljoen, visekanselier van die Universiteit van Suid-Afrika, egter voorsien dat die situasie in die Kaapprovinsie, waar die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad onderskeidelik lesings in Nederlands en Engels aangebied het, in Transvaal sou herhaal (Strydom, 2018: 84).

Wet No. 13 van 1930, wat TUK 'n onafhanklike universiteit gemaak het, is op 24 Maart 1930 in die parlement aanvaar (Rautenbach et al., 1960: 44).

Hierdeur het die TUK die onafhanklike Universiteit van Pretoria geword, amptelik op 10 Oktober (Boucher, 1973: 64; Steyn, 1993: 262; Van der Merwe, 2008: 165; Strydom, 2010: 120). Hierdie nuutgestigte universiteit het 'n tweektalige taalbeleid gevolg (Rautenbach et al., 1960: 59). Tydens die opening het Tielman Roos, die UP se eerste kanselier, aangevoer:

We must not make this in the narrow sense of the word an African or an Afrikaans University; but, in the widest sense of the word a South African University. It will be for the first time in South African history; because I do not regard any university as a South African university unless both languages are known when the students leave it – it may be the most wonderful university in the world, but unless they know both languages it will not be a South African university. ... If it becomes a purely Afrikaans University it will be the graveyard of my hopes; if it becomes an English University it will be the graveyard of my hopes; but if it becomes a South African University in the fullest sense of the word we may fear no graveyard of our hopes, but enjoy the realisation of our aspiration fully (aangehaal in Strydom, 2018: 87).

Daar was egter deurgaans probleme met die implementering van hierdie beleid, sowel as wrywing tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, wat op die spits gedryf is met die Lamontsaak van 1931 (Rautenbach et al., 1960: 60-68). In 1931 het 'n boek genaamd *War, Wine and Women* deur die skrywer “Wilfred Saint-Mande” (later geïdentifiseer as HP Lamont, 'n lektor aan die UP) opskudding in Suid-Afrika veroorsaak weens sy negatiewe uitlatings oor die Afrikaner, die Voortrekkers en die NGK. Die UP het onder druk gekom om teen Lamont op te tree, wat uiteindelik gelei het tot sy teen-en-veer deur vier Afrikaners¹⁰ en sy uiteindelijke ontslag deur die universiteit. Die voorval het tot verdere verdeeldheid gelei, met die publiek en die universiteitspersoneel wat in twee kampe verdeel is oor die saak. Nietemin stel Rautenbach et al. (1960: 60): “Laat ons dit dadelik duidelik stel: die Lamontsaak was hoogstens die aanleidende, nie die deurslaggewende oorsaak nie dat die Afrikaanse beleid as 'n oplossing van die bestaande moeilikhede aangebied is.”

Nietemin het die UP in 1932 'n Afrikaansmedium instelling geword (Rautenbach et al., 1960: 66; Boucher, 1973: 64; Van der Merwe, 2008: 165, 2010: 94; Strydom, 2010: 117). Soos wat in 1929 by die GUK gebeur het, het die Pretoriase Stadsraad in 1933 geweier om finansiële bystand aan die Universiteit te verleen, met verwysing na sy verantwoordelikheid teenoor die belastingbetalers van Pretoria, en finansiële ondersteuning is deur sommige Engelssprekende skenkers onttrek (Rautenbach et al., 1960: 70; Van der Merwe, 2010: 94). Die universiteit het daarna skenkers vanuit die Afrikaanse

besigheidsgemeenskap gewerf (Van der Merwe, 2010: 94), maar die Stadsraad het kort daarna hulle skenkings hervat (Rautenbach et al., 1960: 72).

Alhoewel voorheen in 'n versoeningsrol tussen Afrikaners en Engelse, het die UP vinnig die rol van 'n Afrikaneruniversiteit begin vervul. Tydens die eeufeesviering van die Groot Trek in 1938 was die UP byvoorbeeld nou betrokke by verrigtinge (Rautenbach et al., 1960: 87; Van der Merwe 2010: 96). Die koms van die ossewaens in Pretoria in 1938 was 'n groot viering by die UP met feestelikhede, en 'n groot skare het saamgedrom om hulle te verwelkom (Rautenbach et al., 1960: 87). As 'n blywende herinnering aan hierdie gebeurtenis is die spore van die wa, Andries Pretorius, en die Eeufeesfakkelvlam by die UP bewaar (Rautenbach et al., 1960: 87). 'n Gedenkpublikasie wat in 1938 deur die Universiteitsfakulteit vrygestel is, het ook na die universiteit as die "Voortrekkeruniversiteit" verwys (Rautenbach et al., 1960: 87).

UP het voortaan 'n Afrikaanse karakter nagestreef. EM Hamman, rektor van die UP (1970-1981), het byvoorbeeld aangevoer:

Ons is 'n Afrikaanse inrigting wat probeer in ere hou daardie dinge wat vir die Afrikaner altyd betekenis gehad het en sinvol was: sy Christelike godsdienst, sy taal, sy sedes, gewoontes en tradisie – sy geskiedenis. Ons wil nie 'n kleurlose en identiteitslose inrigting wees nie (aangehaal in Spies en Heydenrych, 1987: 14).

Die veranderende bevolkingsamestelling van die studentekorps het in die 1990's die aard van die UP omvorm. In 1992 het die UP die moontlikheid toegelaat om in Engels te onderrig indien genoeg nie-Afrikaanssprekende studente vir 'n kursus ingeskryf het en hulpbronne dit toelaat, ten spyte daarvan dat Afrikaans die amptelike taal gebly het (Grey, 2019: 104). In 1997 is Engels as onderrigtaal benewens Afrikaans ingestel (Grey, 2019: 105). Calie Pistorius, rektor vanaf 2001-2009, voer aan:

Die kenmerkende universiteitstake van onderrig, navorsing, opvoeding en gemeenskapsdiens moes in hierdie transformerende proses 'n nuwe betekenis kry. In sy akkommoderende benadering en meegaande herstrukturering het die tradisionele Afrikaanse karakter van die inrigting plek gemaak vir 'n Suid-Afrikaanse universiteitsgemeenskap wat elke vorm van diskriminasie op grond van kleur, taal, geslag en godsdienst ongedaan maak. In kort, 'n Universiteit waar alle Suid-Afrikaners werklik tuis kan wees (aangehaal in Van der Watt, 2002: i).

Hierdie beleid het met min verandering deur die 2010's behoue gebly (Grey, 2019: 105-109). Nietemin skryf Grey (2019: 110) dat terwyl 'n dekade vroeër

oor die gebruik van Engels aan die Universiteit van Pretoria gedebatteer is, het die bespreking teen 2009 verskuif na of Afrikaans as 'n tweede onderrigtaal behou moet word. Studentegetalle weerspieël ook die skuif na Engels, en tussen 1998 en 2008 het die UP 'n skamele toename van 4% in Afrikaanse voorgraadse studente gesien (Steyn, 2014: 458).

Die #FeesMustFall-beweging van 2015 het ook die UP aansienlik beïnvloed, waar hierdie betogings gelei het tot 'n verandering in die taalbeleid (Griesel en Ogude, 2023: 96). Die Universiteit het aangevoer dat die verandering na 'n slegs Engelse taalbeleid nodig was om by die diverse studentekorps aan te pas, eenheid te bevorder, akademiese prestasie te verbeter en studente toe te rus vir 'n geglobaliseerde wêreld (Griesel en Ogude, 2023: 99). Die Universiteit se Senaat en Raad het in 2017 'n nuwe taalbeleid goedgekeur wat Engels die primêre onderrigtaal maak, wat in 2019 geïmplementeer is (Griesel en Ogude, 2023: 99). Hierdie taalbeleid wys Engels as die primêre taal van onderrig, leer en administrasie aan, terwyl die belangrikheid van veeltaligheid erken word en Afrikaans erken word as 'n vaktaal wat saam met Sepedi en ander Suid-Afrikaanse tale in spesifieke kontekste gehandhaaf en gebruik moet word, soos ondersteuning vir die verstaan van sleutelkonsepte en vir seremoniële doeleindes (Universiteit van Pretoria, 2016). Die negatiewe gevolge hiervan vir Afrikaans as akademiese taal aan die UP is voor die hand liggend.

2.5. Randse Afrikaanse Universiteit (RAU)

Verstedeliking en groeiende getalle Afrikaners aan die Witwatersrand het daartoe gelei dat die behoefte aan Afrikaanse skole veral tydens die depressiejare (1930-1933) en daarna aan die Rand toegeneem het (Klee, 2010: 139). Tussen 1911 en 1960 het die persentasie Afrikaners wat in stedelike gebiede van Suid-Afrika gewoon het, dramaties toegeneem van 29% tot 75%, met minder as 10% wat aan die begin van die 20ste eeu in stede gewoon het (Klee, 2017: 80). Die stedelike Afrikanerbevolking aan die Witwatersrand het boonop tussen 1936 en 1960 teen 'n baie vinniger tempo (167%) as die algemene stedelike Afrikanerbevolking (60%) gegroei (Klee, 2017: 80). In die vroeë 20ste eeu is meer Afrikaanse laer- en hoërskole daarom gestig, byvoorbeeld Hoërskool Voortrekker, Hoërskool Helpmekaar en Hoërskool Monument, wat die behoefte aan tersiêre onderrig laat ontstaan het (Klee, 2017: 81). 'n Belangrike stap in hierdie rigting was die stigting van die Goudstadse onderwyskollege in 1961 (Klee, 2010: 140; 2017: 81).

Reeds in 1955 het 'n sub-komitee van die Afrikaanse Skakelkomitee van Afrikaanse Kultuurverenigings belas met onderwys onder voorsitterskap

van PJ Meyer in Johannesburg vergader (Klee, 2010: 141, 2017: 82). Hierdie subkomitee het in 1959 'n versoekskrif aan die minister van onderwys gerig waarin hulle die stigting van 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand bepleit (Klee, 2010: 141; 2017: 82). Die visie vir die RAU was dat dit Afrikaners sou bemagtig en Afrikanertradisies uitbou, maar dat die universiteit ook die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap sou dien:

Die beplanners en stigters van hierdie nuwe Afrikaanse universiteit het daarop aangedring dat dit 'n universiteit moes wees getrou aan die Afrikanergees, -tradisie en -geskiedenis, en eksklusief vir die Afrikaners. Daar was egter ook 'n bewussyn dat daar in voeling met die realiteit en toekoms gebly moet word deur die aanvaarding dat studente van alle groepe en tale welkom sou wees in die nuwe universiteit (Klee, 2010: 144).

Die regering het egter tydens die vroeë 1960's die stigting van swart universiteite bo Afrikaanse universiteite geprioritiseer, en het eerder die moontlikheid ondersoek om UNISA na Johannesburg te skuif en in 'n Afrikaanse universiteit te omskep (Klee, 2010: 145; 2017: 69). So 'n skuif sou UNISA se benadering tot afstandsonderrig en sy status as 'n tweetalige instelling fundamenteel verander (Klee, 2017: 89). UNISA se personeel en bestuur het hierteen beswaar gemaak, met die gevolg dat die plan laat vaar is, wat weer motivering vir die oprigting van 'n nuwe Afrikaanse universiteit geskep het (Klee, 2010: 146-151; 2017: 87-93). Gedryf deur veral PJ Meyer en Gerrit Viljoen, is pogings aangewend om self fondse te werf. Befondsing is verkry van die stadsrade van Johannesburg, Roodepoort, Krugersdorp, Springs en Randfontein, sowel as privaat donateurs soos Sanlam, Old Mutual, Suid-Afrikaanse Spoorweë, die Bank van Johannesburg, Unilever en Total SA, asook verskeie skole en kerke (Klee, 2010: 153; 2017: 67-68). Klee (2017: 79) maak 'n belangrike stelling:

RAU was not established by the NP government to address the increasing numbers and needs of the white Afrikaans-speaking students *per se*; instead, it was established by a broad group of dedicated Afrikaans speakers to empower and modernise the community of which they formed an intrinsic part.

In 1966 is daar besluit op 'n naam vir die nuwe universiteit: die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) (Klee, 2017: 187). Die RAU is op 12 Februarie 1968 geopen met Gerrit Viljoen as die eerste rektor (Klee, 2010: 136; 2017: 78). Tydens die opening het Nico Diederichs as die eerste kanselier duidelik gestel dat die karakter van die RAU Afrikaans moet wees:

Hierdie universiteit ... hier (gaan) staan as 'n verdere monument vir hulle wat oor jare en geslagte gestry het vir die handhawing en bevordering van 'n eie Afrikaanse taal en kultuur, 'n eie Afrikaanse identiteit, omdat hulle geglo het dat die Afrikaner langs daardie weg die beste in staat sal wees om ook sy hoogste bydrae tot die welvaart en geluk van die Suid-Afrikaanse land en volk as geheel te lewer (aangehaal in Klee, 2010: 137).

Ook PJ Meyer lê die klem op die uitbouing van Afrikanertradisies tydens die openingseremonie in 1968:

Hierdie universiteit (moet) 'n egte Afrikaanse gees en karakter openbaar as hy aan die geskiedenis, tradisies en oogmerke waaruit hy voortgegroei het, getrou wil bly. 'n Eie Afrikaanse karakter is tegelyk 'n Christelik-historiese Afrikaanse karakter. Immers, die Afrikaanse volksgemeenskap se doen en late op alle lewensgebiede wortel sedert sy ontstaan diep in die Christelik-Protestantse geloof en word steeds beoordeel in die lig van die norme en voorskrifte van die heilige skrif as woord van God (aangehaal in Klee, 2017: 72).

Viljoen het in sy toespraak by die openingseremonie na die RAU verwys as 'n "volksgebonde en 'n streeksgerigte universiteit" (aangehaal in Klee, 2017: 73), en het aangevoer dat die opening van RAU die vooruitgang van Afrikaners in Johannesburg simboliseer, wat hulle in staat stel om erkenning vir hul taal te kry en professionele sukses te behaal eerder as om tot arbeidsrolle beperk te wees (Klee, 2017: 78). RAU het derhalwe meer as net 'n Afrikaanse universiteit verteenwoordig; dit het die vooruitgang en modernisering van Afrikaners in die Witwatersrandstreek gesimboliseer (Klee, 2017: 78). Viljoen en Meyer het RAU in die vooruitsig gestel as 'n verenigde instelling wat daarop fokus om opgevoede wit Afrikaanse studente ten volle te ontwikkel, ondersteun deur moderne onderrigmetodes en argitektuur wat hierdie doelstelling versterk het (Klee, 2017: 114).

Die RAU se ligging in Johannesburg het beteken dat die sosiopolitieke veranderinge tydens die 1990's die instelling ingrypend ontwig het. Tweetalige onderrig is in 1996 ingevoer (Beukes, 2015: 163) en in 1998 het die RAU oorgeskakel na 'n parallelmedium taalbeleid (Giliomee en Schlemmer, 2006: 87).

Die Universiteit van Johannesburg (UJ) is in 2005 gestig deur die samesmelting van die RAU, die Technikon Witwatersrand (TWR) en die Soweto- en Oos-Randse kampusse van Vista-Universiteit (Giliomee en Schlemmer, 2006: 89; Steyn, 2014: 456; Beukes, 2015: 164). In 2006 het die Universiteit van Johannesburg 'n taalbeleid aanvaar wat Sesotho, isiZulu, Engels en Afrikaans as die hooftale vir akademiese, administratiewe,

kommunikasie- en bemarkingsdoeleindes insluit (Beukes, 2015: 164). Engels het daarna “die de facto-onderdigtaal [geword] wat tot gevolg [gehad] het dat Afrikaanssprekendes UJ die rug keer” (Beukes, 2015: 165).

Groot hoeveelhede Afrikaanssprekende studente skuif daarna oor na die Potchefstroomkampus van die NWU en ook US (Beukes, 2015: 165), en tussen 1998 en 2008 het die getal Afrikaanse studente by die UJ met 43% afgeneem (Steyn, 2014: 458). Die nuutste taalbeleid van die UJ bevorder oënskynlik ’n veeltalige omgewing met Sesotho sa Leboa, Engels, isiZulu en Afrikaans as aangewese primêre tale, en hoewel Afrikaans as een van hierdie primêre tale erken word, beklemtoon die beleid die ontwikkeling van Sesotho sa Leboa en isiZulu as akademiese en navorsingstale, met Engels wat dien as die primêre onderrigmedium (Universiteit van Johannesburg, 2022). Soos in die geval met die UV en UP is dit opvallend dat die UJ se webwerf slegs in Engels is.

3. Bespreking

Die HAU’s is oorwegend onder Britse bewind gestig met Engels as die enigste onderrigtaal. Gedryf deur Afrikanernasionalisme het Afrikaans in die vroeë 20ste eeu prominensie as akademiese taal verwerf, wat daartoe gelei het dat verskeie universiteite teen die middel van die 20ste eeu Afrikaans as die primêre onderrigmedium aanvaar het. Die laat 20ste eeu het egter ’n verskuiwing na Engels gesien as gevolg van die einde van apartheid, en ’n toestroming van Engelssprekende studente. Die #FeesMustFall-beweging in 2015 het hierdie tendens verder versnel, met studentebetogings wat transformasie en inklusiwiteit geëis het, wat gelei het tot die aanvaarding van Engels as die primêre onderrigtaal by die meeste universiteite teen 2026.

Teen die agtergrond van die verslegtende situasie van Afrikaans by universiteite, glo Beukes (2015: 166): “Konstruktiewe proteksionisme soos die suksesvolle oprigting en/of voortbestaan van ’n Afrikaansmedium instelling is stellig een van die beste opsies.” Moll (2018: 325) huldig ’n soortgelyke siening: “Al bly NWU die enigste baken van hoop (maar ook met sterk bevreemding deur die rektor) vir Afrikaans se hoër funksies, lyk dit asof die enigste ware uitweg uiteindelik ’n Afrikaanse universiteit sal wees.” Giliomee (2014: 593) sluit hierby aan: “Die enigste plek vir hoër onderwys waar Afrikaans nie in ’n krisis verkeer nie, is in ’n klein private instelling, wat pas begin het. Dit is die Akademie [Akademia], gestig as deel van die Solidariteit-beweging” (kyk ook Greffrath en Eloff, 2016: 8).

Gegewe die rol wat Afrikaanse universiteite in die ontwikkeling van

Afrikaans as akademiese taal gespeel het, behoort toekomstige studies oor die geskiedenis van Afrikaans die bydrae wat Akademia reeds gelewer het, in ag te neem.

Universiteit van die Vrystaat

Bibliografie

- Beukes, A.M. 2015. Uitdagings vir Afrikaans in hoërsonderwys: Die taalbeleid van die Universiteit van Johannesburg as gevallestudie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 55(1): 163-166.
- Blaauw, J. 2015. Die rol en plek van opvoedkundige tolking, plaaslik en internasionaal. *Woord en Daad* 54(426): 42-47.
- Boucher, M. 1973. A brief history of the South African university system. *Historia* 18(1): 59-66.
- Carstens, W.A.M. 2017. Meertaligheid en Afrikaans in Suid-Afrika: die stand van sake. *Internasionale Neerlandistiek* 55(3): 191-207.
- Carstens, W.A.M. 2021. Uit die argief, US-taaldebate 2021: Wannie Carstens, US-raadslid: Waarom ek uitgeloop het. <https://www.litnet.co.za/waarom-ek-uitgeloop-het/>. (Datum van gebruik: 17 Maart 2026).
- De Klerk, P. en Tempelhoff, J. 2006. Die ontwikkeling van die universiteitswese – In besonder in Suid-Afrika. In: Van Eeden, E. S. (red.). *In U Lig: Die PU vir CHO van selfstandigwording tot samesmelting, 1951-2004*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Du Plessis, T. 2008. Perspectives on managing Afrikaans and English as 'equal' languages of learning and teaching at the University of the Free State. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 26(3): 315-332.
- Du Plessis, T. 2016. Taalbeleidshersiening aan die Universiteit van die Vrystaat, 2003-2015. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4): 1048-1070.
- Du Plessis, T. 2017. Taalbeleidshersiening en die ontplanning van Afrikaans aan die Universiteit van die Vrystaat. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus* 53(0): 78-96.
- Giliomee, H. en Schlemmer, L. 2006. *'n Vaste plek vir Afrikaans: Taaluitdagings op kampus*. Stellenbosch: Sun Media.
- Giliomee, H. 2014. Die troebel toekoms van die Afrikaners en Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 54(4): 571-595.
- Greffrath, W. en Elof, T. 2016. Die universiteitswese in Suid-Afrika: 'n Bestekopname van huidige tendense en die vooruitsig vir Afrikaans. *Koers – Bulletin for Christian Scholarship* 81(3): 1-9.

- Grey, S.V. (red.). 2019. *Ad Destinatum V. 2001-2009*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Griesel, H. en Ogude, J. (reds.). 2023. *Ad Destinatum VI 2009-2018. Tracing developments in the history of the University of Pretoria*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Grundlingh, A. M., Oosthuizen, H. en Delpont, M. 2018. *Universiteit Stellenbosch 100*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Heese, H. 2018. The origins of Stellenbosch University (SU). In: Grundlingh, A. en Oosthuizen, H. (reds.). *Stellenbosch University 100 (1918-2018)*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Heyns, T. 2023. 'Slegs Engels' skend wel Maties se regte. <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/slegs-engels-skend-wel-maties-se-regte/>. (Datum van gebruik: 17 Maart 2026).
- Jooste, J.P. 1957. Die Geskiedenis van die P.U. vir C.H.O. (tot inkorporasie). *Koers*: 63-110.
- Kapp, P. 2011. Stellenboschstudente se rol in die vestiging van Afrikaans as onderrigtaal aan die Universiteit van Stellenbosch. *LitNet Akademies Geesteswetenskappe* 8(3): 371-391.
- Klee, J. 2010. Die verwesenliking van 'n Afrikanerdroom: Die stigting van die Randse Afrikaanse Universiteit, 1955-1968. *New Contree* 60: 133-156.
- Klee, J. N. 2017. *The establishment of the Rand Afrikaans University (RAU), 1955-1975: A centrepiece in education of a modernising Afrikaner livelihood*. Ongepubliseerde PhD-proefskrif: Noordwes-Universiteit.
- Malan, K. 2010. Observations on representivity, democracy and homogenization. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 3: 427-449.
- Moll, J. 2018. *Universiteit Stellenbosch en die onverkwiklike taalstryd (2003-2017) – 'Vanaf Afrikaanse taaltameletjie tot volskaalse taaloorlog*. Bloemfontein: SunBonani Scholar.
- Noordwes-Universiteit. 2018. *Language Policy of the NWU*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Noordwes-Universiteit. 2022. *Language Policy of the NWU*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Rautenbach, C.H., Engelbrecht, S.P., Pelzer, A.N., Spies, F.J. du T., De Kock, W.J. en Cilliers, C.H. (reds.). 1960. *Ad destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria (1910-1960)*. Pretoria: Voortrekkerpers.
- Senekal, B. A. 2015. Eentaligheid, integrasie en assosiasiegerigtheid in sosiale netwerke: 'n Literatuuroorsig. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 55(3): 356-372.
- Senekal, B. A. 2017. Straatname as monumentale nalatenskap van akademici

- aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS): Die geval van die pad-netwerk in Universitas, Bloemfontein. *New Contree* 76: 236-256.
- Spies, F.J. du T. en Heydenrych, D.H.** (reds.). 1987. *Ad Destinatum 1960-1982. 'n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Stellenbosch Universiteit.** 2021. *Language Policy of Stellenbosch University*. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- Steyn, J.C.** 1993. Die voertaalvraagstuk aan die Suid-Afrikaanse universiteite tot ongeveer 1930. *South African Journal of Linguistics* 11(sup18): 223-275.
- Steyn, J.C.** 2014. 'Ons gaan 'n taal maak.' *Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Centurion: Kraal Uitgewers.
- Strydom, B.L.** 2010. Appropriating commemoration: The University of Pretoria – 1960, 1980 and 2008. *New Contree* 60: 113-131.
- Strydom, N.** 2025. UV sê hy is verbind tot veeltaligheid. <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/uv-se-hy-is-verbind-tot-veeltaligheid/>. (Datum van gebruik: 17 Maart 2025).
- Strydom, B.L.** 2018. Experiments in bilingual higher education: An examination of the origins of Afrikaans as a second medium at the Transvaal University College. 1908-1930, *Historia* 63(1): 72-92.
- Universiteit van die Vrystaat.** 2006. *Van sink tot sandsteen tot granië: Die eerste 100 jaar van die Universiteit van die Vrystaat*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Universiteit van die Vrystaat.** 2023. *Language Policy of the University of the Free State*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Universiteit van Johannesburg.** 2022. *UJ Language policy*. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg.
- Universiteit van Pretoria.** 2016. *University of Pretoria Language Policy*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Van der Bank, D.A.** 1995. Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935: stryd om identiteit en voortbestaan. *Navorsing van die Nasionale Museum* 11(11): 302-376.
- Van der Merwe, D.M.** 2008. 'Taal op Tuks': A reappraisal of the change in language policy at the University of Pretoria, 1932. *Historia* 53(2): 151-181.
- Van der Merwe, R.** 2010. Changing profile: The public face of the University of Pretoria over a century, 1908-2008. *New Contree* 60: 83-112.
- Van der Schyff, P.F.** 2003. *Wonderdaad... ! Die PUK Tot 1951: Wording, vestiging en selfstandigheid*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Van der Watt, F.** (red.). 2002. *Ad Destinatum IV 1993-2000. Historiese*

ontwikkelinge en gebeure aan die Universiteit van Pretoria. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Westhuizen, J., Labuschagne, P. en Kekana, M. 2016. *People, not stones. Report to the council of the University of the Free State from the independent panel appointed to investigate the Xerox Shimla Park incident and related events at UFS in February 2016.* Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Van Eeden, E.S. 2005. Die ‘Stem van Potchefstroom’ – ’n Terugskouing oor die beeld van die PUK as universiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing, 1951-2003. *Historia* 50(2): 211-236.

Van Eeden, E.S. 2006a. Die ‘Stem van Potchefstroom’ in die samelewing. In: Van Eeden, E. S. (red.). *‘In U Lig’: Die PU vir CHO van selfstandigwording tot samesmelting, 1951-2004.* Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Van Eeden, E.S. (red.). 2006b. *‘In U Lig’: Die PU vir CHO van selfstandigwording tot samesmelting, 1951-2004.* Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Visser, W. 2018. The Stellenbosch student, 1918-2018. In: Grundlingh, A. en Oosthuizen, H. (reds.). *Stellenbosch University 100 (1918-2018).* Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Note

1. Alhoewel aanvanklik gestig as ’n Afrikaanse universiteit, is Afrikaans teen 1990 nie meer as ’n formele onderrigtaal aan die Universiteit van Wes-Kaapland gebruik nie (Giliomee, 2014: 586).
2. Tot rondom 2016 was hierdie universiteit bekend as die Universiteit van Stellenbosch, maar die “van” is daarna verwyder. Ter wille van konsekwentheid word deurgaans na hierdie universiteit met sy “van” verwys.
3. ’n Ander onderskeid kan getref word tussen twee groepe onderwysinstellings waar Afrikaans teen 1994 die primêre onderrigtaal was: dié wat oorspronklik as Engelsmediuminstellings gestig is, maar teen 1994 na primêre Afrikaansmediuminstellings verander het, soos die US, UP en UOVS, en dié wat as primêre Afrikaansmediuminstellings gestig is, soos NWU, NMU en RAU (Du Plessis, 2008: 316).
4. Hierdie voorval moet ook gesien word teen die agtergrond van die ‘rassevoorval’ by die US op 6 Februarie 2016, waar ’n meisie haar gesig pers gevef het vir ’n koshuispartytjie en bewerings daarna gemaak is dat dit ’n rassevoorval was (Moll, 2018: 262 e.v.). Die voorval by die US wys daarop dat hierdie tydgleuf deur verhoogde sensitiwiteit rondom raskwessies gekenmerk word.
5. Die jaar van die Reitz-video voorval. Aangesien hierdie voorval nie direk verband hou met die UV se taalbeleid nie, word dit nie hier bespreek nie.

6. Die verslag van Van der Westhuizen, Labuschagne en Kekana (2016) dui daarop dat rassekonflik die gevolg eerder as die oorsaak van die Shimlapark-voorval was.
7. Senekal (2015) ondersoek die verband tussen taalbeleid en integrasie in Suid-Afrika, en argumenteer teen die idee dat die verwydering van Afrikaans as onderrigmedium integrasie sal bevorder. Hy gebruik die netwerkteorie om te demonstreeer dat gemeenskapsvorming gebaseer op gedeelde eienskappe 'n natuurlike kenmerk van sosiale netwerke is, en dat taal net een van baie faktore is wat dit beïnvloed. Die artikel kom tot die gevolgtrekking dat die afdwinging van heterofilie (sosiale bande gebaseer op verskille) teenproduktief kan wees, en dat integrasie nie noodwendig bereik sal word deur Afrikaans bloot uit opvoedkundige instellings te verwyder nie.
8. Hierdie besluit volg op 'n beslissing van die Raad van die US op 21 Mei, waartydens onderneem is om Engels te verhef tot primêre taal aan hierdie universiteit (Carstens, 2021).
9. Alfred Beit het in 1904 sy landgoed, Frankenwald, tussen Johannesburg en Pretoria, aan trustees oorgedra "to be used in perpetuity by the Government of the Transvaal for educational purposes of all kinds and solely and only for such purposes" (Rautenbach et al., 1960: 6). In 1905 het hy ook £200 000 nagelaat om geboue mee op te rig (Rautenbach et al., 1960: 6). Die eksekuteur van sy boedel het egter daarop aangedring dat die perseel en geld nie slegs vir 'n landboukollege gebruik kan word nie, en Smuts het daarop aangedring om die volwaardige kollege in Pretoria self op te rig (Rautenbach et al., 1960: 9).
10. Rautenbach et al. (1960: 62) verskaf die volgende besonderhede van hierdie voorval: "Op Maandag, 23 Mei, het vier jong mans, twee broers, agterkleinkinders van pres. Kruger, F. C. K. en S. P. E. Jacobsz, saam met G. W. H. Trichardt en M. Steyn Vorster lektor Lamont by sy tuiste te Arcadiastraat 745, opgesoek, met hom 'n praatjie in sy tuin aangeknoop, helder oordag gepak en teen sy sin per motor na 'n motorhuis in 'n rustige omgewing vervoer waar hulle hom laat ontklee, 'n baaikostuum aangetrek, met teer betakel en toe vol vere gestrooi het. Daarna het hulle stadwaarts beweeg, gemik-mik om die geveerde Lamont in een van die drukste strate te los, maar toe tog koers gekry Kerkplein toe waar 'Wilfred Saint-Mande' sonder seremonie aangesê is om spore te maak. Die ongelukkige slagoffer van aggressie het vlakby in die boekwinkel van mnr. Van Leer skuiling gesoek waar hy aan klere gehelp en na sy huis gebring is."